GEREFORMEERDE KERK WONDERBOOMPOORT

Kantoorure: Maandag, Donderdag, Vrydag
07:30 tot 13:30

Kerkkantoor – 012 565 6220
Faksnommer – 086 509 3824
kantoor@gkwonderboompoort.org
www.gkwonderboompoort.org

KONTAK Jaargang 23 10 Februarie 2019

OGGENDDIENS (09:00)

Lees:
Markus 5:21-43
Sing:
Ps. 107: 1, 9
Ps. 25: 2, 3, 9
Ps. 73: 10, 11, 12
Ps. 147:1, 2, 5
Ps. 91: 1, 6, 7

Tema: Die krag en medelye van Jesus

Daar sou sekerlik ander maniere gewees het waarop Jesus Sy groot mag kon tentoonstel. Maar, Hy kies om dit veral te doen, deur mense heel te maak. Hieruit leer ons God ken – Hy is nie alleen Almagtig nie, maar Hy is ook 'n God van ryke omgee, erbarming, medelye en liefde – en ons sien dit ook in die geskiedenis van die gesondmaking van Jaïrus se dogtertjie en ook die vrou wat aan bloedvloeiing gely het.

Liturg:
Ds. Pieter le Roux
Orrelis:
Lydia Zeevaart

Offergawes onder die diens:
Werksaamhede van die diakonie

AANDDIENS (18:00)

Lees:
Ps. 146
Sing:
Ps. 146: 1, 2
Ps. 146: 3, 4
Ps. 146: 5, 6
Ps. 146: 7, 8

Tema: Wie is die prinse in jou lewe?

Psalm 146 is 'n gedig met 'n baie eenvoudige struktuur:
V1-2 Lofprysing
V3-4 Op wie die mens nié sy vertroue moet stel nie (en die redes)
V5-9 Op Wie die mens wél sy vertroue moet stel (en die redes)
V10 Lofprysing
Wie is die prinse in jou lewe op wie jy verkeerdelik jou vertroue stel?

Liturg:
Ds Pieter le Roux
Orrelis:
Lydia Zeevaart

Offergawes onder die diens:
Werksaamhede van die diakonie

KOLLEKTES BY DIE DEURE

Vandag: **GKSA Sustentasie**	Doel: Om kerke wat nie finansieel onafhanklik kan bestaan nie by te staan sodat die Woordverkondiging steeds daar kan voortgaan en om nuwe voorposgemeentes te stig waar die Woordverkondiging dringend noodsaaklik is.
Volgende Sondag: **Emeritaatsfonds**	Om die emerituspredikante, -weduwees en wese van die Gereformeerde Kerke met lewensonderhoud en mediese bystand eervol te help versorg.

DANKOFFERS

ABSA Bank 632005	Kerkkas	Susters	Sending	Koningskinders	FNB 251045	Diakonie
	060 3400 64	060 3400 72	060 1883 00	9 276 253 131		625 8354 5862

- **Kontantbydraes** – Koeverte is by die deure beskikbaar. U kan dit in die dankofferkassie by die uitgangdeur by die preekstoel of in die kollektesakkie plaas.
- **EFT betalings** – Kontak asseblief die kerkkantoor om 'n unieke verwysingsnommer te bekom wanneer u u dankoffer elektronies oorplaas.
- **Debietorders** – U kan 'n debietordervorm by die kantoorkiosk in die kerksaal afhaal, invul en in die kassie by die kiosk pos.

PSALMLIG VIR U WEEK

Psalm 3 Dawid beleef sy vlug vanuit sy koningskap na die woestyn as skaduwee van wat met Christus sou gebeur. So is die HERE alleen in staat om ons grootste mislukkings te verander tot heil van onsself en ander rondom ons.
Christus het egter Sy koningskap vrywilliglik afgelê. Mens sien in Psalm 3 Christus se lewe op aarde wat veral tot die spits gedryf word by die kruis gebeure. Hoe het Christus, die Gesalfde se teenparty nie gegroei nie, hoe dring hul naderby. Ek hoor al hoe hul laster. Ja tot Sy dissipels het gevlug in Sy donkerste uur, terwyl Hy daar staan met die volle vrag van ons sondes. Matheus 27:43 Hy het op God vertrou; laat Hy Hom nou verlos as Hy behae in Hom het; want Hy het gesê: Ek is die Seun van God. **Volgende Sondag: Ps. 4**

SUSTERSAKE

Skinkbeurte

Vandag	Lelies
Bestuurslid:	Martie Leslie
Wyksuster wyk 6:	Ronelle Kok
Wyksuster wyk 11:	Nelia Drenth
Estie Matthee, Helene Seegers, Eugene de Beer, Darell Wood, Liezl du Preez, Christel Ras, Heila Britz, Vickey Venter, Helena Greeff, Estie Lubbinge, Anne-Marie Malherbe, Dina Crous, Magda Visser, Leonie Lubbinge, Engela Lubbinge.	

Volgende Sondag	Madeliefies
Bestuurslid:	Tina van Deventer
Wyksuster wyk 2 en 3	Ina van Tonder
Wyksuster wyk 17	Marie Delport
Carien Erasmus Mart Buys, Elani Buys, Marna Buys, Carli Buys, Ilze Kluin, Ellie Buys, Louise Roos, Elize Pienaar, Marie Swanepoel, Anne-Marie du Plooy, Magriet Veiga, Louise Engelbrecht, Marie van Rooyen, Ihanda van de Wetering, Elize le Roux.	

- **Belydenisaflegging 17 Februarie** Op 17 Februarie sal daar DV aflegging van geloofsbelydenis in ons gemeente wees. Ons vra dat elke susters asseblief 'n bordjie eetgoed saambring sodat ons na afloop van die erediens die geleentheid kan vier saam met die katkisante en hulle ouers.
- **Nagmaal ete** Nagmaalsondag, 24 Februarie om 12:00 hou ons weer 'n gemeente-ete in die kerksaal. Die geleentheid neem die vorm van 'n bring-en-braai aan. Dit behels die volgende:
  - ♥ Elke gesin bring eie braaivleis en 'n slaai/ bygereg. Dit moet ruim voorsiening maak vir jou gesin asook vir een of twee enkellopendes.
  - ♥ Al die geregte gaan op een opskeptafel geplaas word. Almal kan van die verskeidenheid geregte inskep.
  - ♥ Enkellopendes word gevra om 'n liter of twee roomys te bring.
  - ♥ Onthou om eetgerei, iets te drinke en 'n tafeldoek saam te neem.
  - ♥ Skryf jou naam op die lys in die kerksaal as jy kom saameet.

OP DIE POORTPLAAS

- **Jaarlikse toerusting Kerkraad & wyksusters** Daar was verlede Saterdag ons jaarlikse toerustingsgeleentheid vir wyksusters en kerkraad. Die geleentheid is bygewoon by ongeveer 55 van ons lidmate. Die eerste sessie van die toerusting het apart geskied: Ds. Danie Snyman het 'n lesing/bespreking oor huisbesoek aangebied vir die broeders, en die susters het 'n Bybelstudie-toerusting gehad. Daarna het almal saam deelgeneem aan 'n spanbou wat die bande en samewerking bevorder het. Ons het saam geëet en laastens 'n gesamentlike sessie besin oor die bedieningsbeplanning van ons gemeente.

  Ons bede is dat die toerusting sal bydra tot groei in diensbaarheid in ons gemeente tot opbou van die koninkryk van God.
- **Psalmfees-vergadering** Daar is ń psalmfees beplanningsvergadering vanaand na die erediens waarheen die gemeente genooi word om te help dat ons Psalmfees groter kan weergalm in ons omgewing. Prys die Heer met blye galme.

BIBLIOTEEK

As daar in die gemeente dalk iemand is wat een of meer van die volgende boeke aan die biblioteek kan skenk, moet u dit asb. aan een van die lede van die Lektuurkommissie deurgee:

1. Geknelde Land, deur F.A. Venter
2. Offerland, deur F.A. Venter
3. Gelofteland, deur F.A. Venter
4. Beloofde Land, deur F.A. Venter

Dit sal opreg waardeer word, aangesien ons graag hierdie gesogte tetralogie vir ons nageslag wil bewaar..

Algemene reëlings word hier deurgegee. Vergewis uself gerus hiervan.

NUWE INTREKKERS	**WORD VERSOEK OM NA DIE EREDIENS BY DIE KANSEL AAN TE MELD. EEN VAN DIE DIAKENS SAL U DAAR ONTMOET.**
TOEGANG TOT TERREIN TYDENS EREDIENS	**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT, INDIEN U DIE TERREIN TYDENS DIE EREDIENS MOET VERLAAT OF LAAT IS, DIE OOPSKUIFHEK AAN DIE SAAL SE KANT OOPGESLUIT IS.**
LAASTE SLUITER	**GIDEON VAN DEVENTER**
GEMEENTE WEBTUISTE	**JY KAN PREKE, ARTIKELS, INLIGTING OOR DIE SUSTERS, ENS. OP DIE WEBTUISTE AFLAAI. GAAN BESOEK DIT GERUS BY http://gkwonderboompoort.org/**
MOEDERSKAMER EN OUERS MET KLEUTERS	**DAAR IS TWEE MOEDERSKAMERS OM TE GEBRUIK: EEN IN DIE VOORPORTAAL EN EEN AGTER DIE KONSISTORIE (WAT DEUR BORSVOEDENDE MOEDERS GEBRUIK WORD).** **DIE AGTERSTE DRIE RYE BANKE IN DIE KERKGEBOU WORD GERESERVEER VIR OUERS MET KLEUTERS.**
NUUSBRIEF	**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT DIE AFSNYTYD VIR INDIEN VAN BERIGTE DONDERDAGMIDDAG 13:00 IS.**
BROODJIESAAND	**DIE GEMEENTE BRING ELKE EERSTE SONDAG VAN DIE MAAND BROODJIES OM NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS SAAM 'N KOPPIE KOFFIE OF TEE TE GENIET.**

DAGBOEK	
Sondag **10 Februarie**	08:55 – Samesang vooraf: Ps. 3. Katkisasiepsalm: Ps. 104:20,21 09:00 – Oggenddiens. 10:15 – Gr 1-7 Katkisasie Les 4. Volwasse katkisasie in die moederskamer (meld aan by die preekstoel) Finansiële kommissie vergader in die kerkkantoor. 17:55 – Samesang vooraf. 18:00 – Aanddiens. Psalmfees vergadering na die aanderediens. Alle belangstellendes welkom!
Maandag **4 Februarie**	19:00 – Kategismus Bybelstudie by die pastorie.
Dinsdag **5 Februarie**	14:45 – Graad 10-11 katkisasie by die pastorie. 19:00 – Bedieningskommissie vergader by die pastorie
Woensdag **6 Februarie**	08:15 – Sustersbybelstudie in die kerksaal. 09:30 – Bybelstudie te Hermon.
Donderdag **14 Februarie**	19:00 – Ouderlinge verslagvergadering in die konsistorie.
Saterdag **16 Februarie**	09:00 – Susters leer saam. Aktiwiteit in die kerksaal.

BEMINNAARS van die **HEER**,

HAAT wat sy **NAAM ONTEER**,

en **WANDEL** in sy **WEË.**

Hy is **SY VOLK GENEË**

en sal in **DOODSGEVAAR**

sy gunsgenoot **BEWAAR;**

Hy **RED** hom van die **HAND**

WAT DREIG  van alle kant,

van die **GEWELDENAAR.**

Psalm 97:6

DOPPIES Katkisasiepsalm volgende week